

JUNIE: God se vernuwingstroos werk deur die Heilige Gees

Saterdag 8 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 10:1-16

Fokusgedeelte: 1 Samuel 10:6

God se vernuwingstroos werk deur die Heilige Gees

Saul is die eerste koning van die HERE se volk. Op die grootste dag van Saul se lewe, toe Samuel hom as koning gesalf het, het die HERE vir hom drie tekens gegee om sy geloof te versterk en om hom te leer dat hy as koning altyd op die HERE se woord en ondersteuning kan reken. Saul sou ook die Heilige Gees ontvang.

1. Saul sou twee manne teëkom by die graf van Ragel, op die grens van Benjamin. Hulle sou hom die goeie nuus gee dat sy pa se verlore esels gevind is (1 Sam. 10:2).
2. By die terpentynboom van Tabor sou drie manne hom ontmoet en vir hom kos gee (1 Sam. 10:3-4).
3. By Gibeon sou hy 'n groep profete teëkom en die Gees van die HERE sou oor Saul vaardig word en hy sou profeteer en hy sou 'n ander mens word (1 Sam. 10:5-6).

Samuel spel dit vir Saul uit hoekom die HERE hierdie noue pad met hom loop (1 Sam. 10:7): "En as hierdie tekens vir jou uitkom, doen dan wat jou hand vind om te doen, want God is met jou." En soos altyd wanneer die HERE praat, het alles gebeur – nog dieselfde dag. Juis daarom moes Saul geweet het dat hy kan reken op die woord en die belofte van die HERE. Hy moet net die HERE vertrou. Die HERE sou deur sy Heilige Gees van die skaam, onwaardige Saul 'n kragtige instrument in sy hande maak. Die krag en mag van God maak ons nuttig en bruikbaar, maar Saul se lewensgeskiedenis is 'n diep teleurstelling.

Saul misluk, want Hy werk teen die Heilige Gees. Hy het nooit die vernuwing van die Heilige Gees omhels nie. Die geskiedenis van Saul dien as 'n waarskuwing vir ons. Die Heilige Gees sal ons nie dwing om te wees wat ons aanhoudend nie wil aanvaar nie. God vernuwe ons om Hom vrywillig lief te hê en dit te wys. Die Heilige Gees wil nie 'n onwillige en moedswillige mens indwing in 'n liefdevolle verhouding met God nie. Daar is 'n punt wat die mens moet beseef dat die HERE deur sy Heilige Gees in ons werk en vir ons die mooie beskik. Moedswillige verharding weens volgehoue eiewilligheid en ongehoorsaamheid stel die HERE teleur en maak die Heilige Gees hartseer.

Alhoewel Saul soveel potensiaal gehad het en die HERE nooit aan Hom ontrou was nie, was sy lewe 'n teleurstelling. Sy lewe was 'n teleurstelling vol bitterheid, woede, toorn, geskreeu en lastering. Hy was nie vriendelik, vol van ontferming en het vergewe nie (Ef. 4:30, AFR53). Gaan lees van sy optrede teenoor Dawid en byvoorbeeld die wrede moord uit wraak op die priesters van Nob (1 Sam. 22:6-23). Saul is 'n ernstige waarskuwing aan ons, so lyk die lewe van 'n mens wat die Heilige Gees bedroef en wat uiteindelik deur Hom verlaat word.

Ons wil gelowiges wees wat ons geloof uitleef, wat eenvoudig, maar skaamteloos ons Christenskap uitleef. Ons wil nie in sonde volhard en die Heilige Gees bedroef nie, maar ons wil die nuwe lewe leef wat Christus vir ons verwerf het en wat sy Heilige Gees aan ons skenk.

Sing: Psalm 19-1:5-7

Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)